Skriflesing



Votum
"Weet dan nou: die Here jou God, Hy is God. Hy is die betroubare God wat sy verbond in stand hou en sy troue liefde betoon tot aan die duisendste geslag van hulle wat Hom liefhet en sy gebooie gehoorsaam

Gemeente genade en vrede vir u van God ons Vader van Jesus Christus die Here deur die kragvolle werking van die Heilige Gees

Gemeente sing Ges 313
Lofsang Ges 190:1,2,3, Ges 471 Twee maal

Hoekom is dit belangrik dat ek moet weet hoe God homself aan ons bekendmaak

Sodat ek in verhouding met hierdie God kan staan.
Sodat ek kan weet wie hierdie God is
Sodat ek hom met my hele wese- my hele menswees kan dien

Elke aspek wat God hom aan ons openbaar sou sekerlik 'n preek op sy eie kan wees maar ek wil vanoggend juis probeer dat u deur God se genade 'n geheel beeld kan kry
Hoe openbaar God Hom aan die mens?

God is die begin van alles. Hy is die skepper God.

Rom 1:19-20

Wat 'n mens van God kan weet, was immers binne hulle bereik, want God het dit binne hulle bereik gebring.
Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie

God maak sy naam bekend

Eksodus 3:13,14

Daarna sê Moses vir God: "Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: 'Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,' en hulle vra vir my: 'Wat is sy Naam?' wat moet ek dan vir hulle sê?"
Toe sê God vir Moses: "Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur

God is die Heilige God

Eksodus 3:4,5

Toe die Here sien dat hy nader kom om te kyk, roep God na hom uit die doringbos: "Moses! Moses!" En hy antwoord: "Hier is ek."
Die Here sê toe vir hom: "Moenie nóg nader kom nie. Trek uit jou skoene, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond."

Levitikus 10:3

Toe sê Moses vir Aäron: "Die Here het gesê: Wie 'n offer vir My bring, moet besef dat Ek heilig is; sy ontsag vir My moet vir die hele volk duidelik wees." Aäron was sprakeloos.

God sluit ‘n verbond met die mensdom

Noag en Abraham

Gen 6:7,8

Die Here het gesê: "Ek sal die mens wat Ek geskep het, wegvee van die aarde af; mens en dier, ook dié wat kruip, en die voëls, want Ek is bedroef daaroor dat Ek hulle gemaak het."
Maar Noag is deur die Here begenadig.

Kom ons sing van God se heiligheid: Ges 171 (169)

Gen 12:1,2

Die Here het vir Abram gesê: "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys.
Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees.

God kyk na die innerlike

1 Sam 16:7

Maar Hy sê vir Samuel: “Moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie, want Ek het hom nie gekies nie. Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.”

God soek mense wat verlore is

Matt 15:25,26,27,28

Maar die vrou kom kniel voor Hom en sê: "Here, help my!"
Hy sê vir haar: "Dit is nie mooi om die kinders se brood te vat en vir die hondjies te gooi nie." "Dit is waar, Here," sê sy, "maar die hondjies eet darem van die krummels wat van hulle base se tafels afval." "Mevrou," sê Jesus vir haar, "jou geloof is groot. Jou wens word vervul." Van daardie oomblik af was die dogter gesond

Lukas 19:10

Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is."

God is ‘n God van genade

Hand 20:32

Maar nou vertrou ek julle aan God toe en aan die woord van sy genade. Die woord is magtig om julle op te bou en julle in die seëninge te laat deel wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het.

Rom 3:24

maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.

God is vir jou lief en wil in ‘n verhouding met jou tree

Wet
Het u al daaraan gedink : Omdat Jesus Christus die wet volkome vervul het, word die Tien gebooie in Hom tien beloftes aan ons

Hoe kan ek anders as dat dit 'n vreugde in my hart laat brand. Kom ons sing van daardie blydskap en vreugde.
Ges 488: 1 ,2,3,4

Geloofsbelydenis
Ek is wat Ek is is ons God. God oor die gode. Skepper van hemel en aarde. Wat die aarde aan ons toevertrou. Vader van sy volk onderweg. Moeder van alles wat lewe.
Gemeente : Dit glo ek.
Sy vrederyk het naby gekom. In Jesus van Nasaret, die Gesalfde. Hy roep ons om Hom te volg.
Gemeente : Dit glo ek.
Die Gees is die Een wat lewend maak. Wat ons in die waarheid lei. En ons inspireer met die visie. Van 'n menslike wereld. Waar u saam net ons die toekoms ingaan.
Gemeente : Dit glo ek.
Slotsang Ges 207: 1 ,4,5

Seengroet
Mag die liefde van die Here Jesus ons na Hom toe trek. Mag die krag van die Here Jesus ons sterk maak in sy diens. Mag die vreugde van die Here Jesus ons vervul. Mag die seën van die Almatige God, die Vader Seun en Heilige Gees, tussen ons wees en vir altyd bly.
Ges 314 Amen !!!